

9. Omgeepapier 1 - 6 April 2024

**Paasfees (Jesus is Gekruisig, maar het weer Opgestaan en Heers nou as die Here!)
(Paastyd is die eintlike middelpunt van ons as Christene se “kerkjaar”)**

1. **Lees** Eks 12:-12 -14 en 23 en 27. En 1 Kor 5:7. Lees ook Luk 22:14-20 (Instelling en betekenis van die Pasga - die Lam, die Bloed, die genade aan die Kinders van die Here, en Nagmaal).
Vraag - Wat beteken Paasfees (en Nagmaal) vir JOU?
2. **Lees** Luk 23:46 en Joh 19:30. **Vraag - Wat het met Jesus gebeur toe Hy gesterf het? Lees** Mark 16:6 en 9; en Luk 24:6, 7 en 46.
Vraag - Hoe kon Jesus dit regkry om weer lewendig te word?
3. **Lees** Luk 23:45, Hebr 8:1 en 2 en Hebr 9:26 en 28. Lees ook Openb 5:6-10 (Jesus is ons Ewige Hoëpriester én Lam van God)
Vraag - Hoe deel jy in / trek jy voordeel uit Jesus se sterwe en opstanding?
4. **Gebedsversoeke: Waarvoor / vir wie kan ons bid / vir die Here dankie sê?**